JUNE / JUNIE 2026

# Tuli NEWSLETTER

## NUUSBRIEF



Fertile, Profitable Veld Cattle / Vrugbare, Winsgewende Veldbees



# Contents:


| | |
|---|---|
| Auctions | p.3 - 4 |
| Elite Awards | p.5 |
| National Auction | p.5 |
| Wine Auction | p.6 |
| Photo Competition | p.7 |
| Important dates | p.7 |
| Nampo | p.8 - 9 |
| The Tuli Way | p.10 |
| Mating List | p.11 |
| Stamboek (Uit die kantoor) | p.12 - 14 |
| President report | p.15 |


# Halfjaar Nuusbrief – Inleiding

Geagte Tuli-lede,

Soos ons die middel van die jaar bereik, bied dit 'n goeie geleentheid om terug te kyk op die afgelope ses maande en erkenning te gee aan die harde werk, toewyding en passie van ons telers regoor die land.

Die eerste helfte van die jaar het weer bewys dat die Tuli-ras voortgaan om sy waarde in uiteenlopende produksie-omstandighede te bevestig.
Ten spyte van uitdagings wat die bedryf in die gesig staar, bly ons lede gefokus op genetiese verbetering, rekordhouding en die bevordering van die ras.

In hierdie uitgawe deel ons hoogtepunte van die afgelope maande, belangrike bedryfsnuus, komende geleenthede en praktiese inligting wat tot voordeel van ons lede kan wees. Ons wil ook graag elke lid bedank wat sy of haar bydrae gelewer het tot die sukses van die Genootskap en die bevordering van die Tuli-ras.

Mag die res van die jaar vir elke teler voorspoedig wees, met gunstige toestande, gesonde kuddes en suksesvolle teelprogramme.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.


Vriendelike groete

*Tuli Beestelersgenootskap*



SHASHI
TULI STUD
4th Annual Production Sale
at Shashi Farm - Macleantown - Eastern Cape
GPS 32°49'03.5"S 27°41'31.5"E
5 August 2026 at 12h00



Sheard Auctioneers proudly presents the 30th Annual Production Sale on behalf of the Clark family
HBH Tuli
Annual Production Sale
WEDNESDAY | 26 AUGUST 2026 | 12H00
Denwood Farm, Dordrecht
(GPS: S31 28' 22.53" E26 50' 23.98")
On offer by live & simulcast auction
20 Bulls
5 Pregnant cows
10 Open heifers
FMD/BKS
SWIFT VEE
Bid Online
www.swiftvee.com
ENQUIRIES: Russell Clark 082 925 5860 | Edward Clark 082 573 0223
Chris Sheard 082 375 5920 | Ian Sheard 082 410 1712
Sheard Auctioneers Office 045 843 1043
More details, directions, catalogue & conditions of sale available at www.sheard.co.za (E&OE)
SHEARD AUCTIONEERS

# AUCTIONS


CASMAN TULI
CASMAN TULI
4 SEPTEMBER 2026
11:00 - Boshof Veekrale
VLEISSENTRAAL
Noord-Kaap
Jason Burger (VS) 083 236 9347 | Casper Kriel 082 805 0926


Tulis Donkerhoek
PRODUKSIEVEILING
10 SEPTEMBER 2026
11:00 - Donkerhoek, Britstown
20 Bulle & 40 Geregistreerde & Kommersiële Tuli-tipe vroulike diere
IN ALLE PRODUKSIESTADIA
Tuli
Swift VEE
GASVERKOPER
VLEISSENTRAAL
NOORD-KAAP
Ben Raath 083 468 6176 | Christo Rothman 082 572 9506
Erik de Witt (Vleissentraal) 082 681 5999




# AUCTIONS

BUSHMAN'S MOUNTAIN Tulis

Profitable cattle for the Karoo

**2 OKTOBER 2026**

**Venterstad**

Christo Rothmann
**082 572 9506**




MALU Tuli

**14 NOVEMBER 2026**

**Sweizer-Reneke**

Helena Malherbe
**083 261 3106**

# SA STAMBOEK STUD BOOK

# elite AWARDS



ADM230042

ADM 230042 a bull from Dave Mullins's Avondale Tuli Stud, was nominted to represent the Tuli breed at the 14th Vleissentraal SA Stud Book Elite Bull Growth Test Class for Phase C & D tested bulls.

Bulls that qualify, on achievements, in central and farm growth tests are nominated through the Tuli Cattle Breeders Society and participate in this competition.

The purpose of this test class is to bring the right perspective to a valuable contribution in performance testing and to advance the correct and balanced use of performance data in the show ring.



DKH160031

We are delighted to congratulate Colin Raath of Acacia Mountain Tuli Stud on the remarkable achievement of his cow, DKH16031, being recognised as one of SA Stud Book's Elite Platinum cows in this year's National Elite Awards.

She was bred from SW13 052, a cow that Colin bought from the late Stephan Welz. SW13 052 was in calf, from HBH12 043, a Buffel son.

DKH16 031 has an exceptional set of figures:
ICP 358
Cow value 148
Heifer fertility index 147
Eye muscle area 126
Calf growth index 115.

This honor is reserved for one cow per breed, selected based on outstanding production, reproduction, and genetic merit as evaluated through the Logix Beef database.

## NATIONAL TULI AUCTION:

**After careful consideration of various factors, particularly the current FMD situation, the Council has decided to postpone the National Sale until further notice.**

# Wine Auction

## with **De Wet Viljoen**
from **Wildekrans Wine Estate** and
**Spijker & Bessie Wines.**

presented by Tuli Cattle Breeders' Society,
in collaboration with Lettie Fouché School

**Cost: R400p/p or R3200 per table of 8 people.**

**Date:** 13 August 2026
**Time:** 18:00 - 18:30
**Place:** Lettie Fouché Lapa - Bloemfontein

Wine Tasting, meal & 2 bottles of wine per table.
**Dress code:** Semi-formal
**RSVP:** 3 August 2026

Total amount to be paid
with confirmation.

**CASH Bar Available.**


**Bank Details:**
Tuli Beestelergenootskap-
**Bank:** FNB/Rek: 50371130812
**Email proof of payment to:**
teresa@stemma.co.za
with reference:
**"Wine Auction"**

**Ben Raath (Tuli's) 083 468 6176, Allan Sinclair (Auctioneer) 082 528 0059**

**Auction notes:** Card or EFT facilities available on the day of auction. According to FICA legislation: all buyers must provide proof of ID and residential address.

# PHOTO COMPETITION 2026





Thank you for entering the 2026 Tuli Photo Competition.
We sincerely appreciate your participation and the wonderful photographs submitted, showcasing the beauty and versatility of the Tuli breed.

The winners will be announced at the Tuli Annual General Meeting & Awards Ceremony on 13 August 2026. We wish all entrants the very best of luck and look forward to celebrating the winning photographs with you.







# IMPORTANT DATES

## AUGUST

**12** Informal Braai

**13** Annual General meeting & Awards

**13** Wine Auction & Formal Dinner

**More details to follow.**

*Your participation. Our future!*




# NAMPO




Die besluit om geen gesplete hoef-diere by NAMPO 2026 toe te laat nie, weens die hoë risiko en uitbrekings van Bek-en-Klouseer in Suid-Afrika, het groot uitdagings vir alle Genootskappe wat uitstal by NAMPO, veroorsaak.

Dit het ons genoodsaak om uit die "boks" te dink, om nog steeds mense na jou uitstal-area te lok. Telersgenootskappe het nuwe tegnologie, wetenskap en kreatiewe uitstallings geskep, om die Genetiese Prestasiedata en Produksie-eienskappe van hul rasse te bemark, sonder om fisies diere daar te hê.

Die lewensgrootte model van 'n Tuli-speenkalf, tesame met R5 000 wat jy kon wen deur reg te raai, was die perfekte interaktiewe element wat ons gebruik het om die ras se sterkpunte tasbaar te bewys en gesprekke mee te begin.

Deur die kalf se speengewig op 205 dae en die koei/kalf speenpersentasie te moes raai, het nie net die algehele publiek, maar ook gesoute beesboere behoorlik laat kopkrap en het verseker die lig op die Tuli vanuit 'n ander hoek laat skyn.

Die wenner, me Monja Spangenberg, 'n LLB student van Potchefstroom is Vrydagmiddag om 15h00, amptelik deur Ben Raath, Helena Malherbe en Zippo Lamprecht geskakel en geluk gewens, wat ook op sosiale media versprei is.





Verder het ons ook regte Tuli biltong en droëwors by die stalletjie verkoop, wat baie aandag getrek het.

Ons "nuwe" Tuli pette en hoede het net so goed verkoop. Jonsson het ook vir ons 'n verskeidenheid promosie items beskikbaar gemaak, wat ons as voorbeeld gebruik het wat jy dan direk by die Kimberley tak kan bestel, die Tuli logo laat borduur en gratis afgelewer word.

Soos gewoonlik word ons jaarlikse Joernaal ook tydens Nampo bekend gestel – iets waarop ons baie trots kan wees.

Nogmaals baie dankie vir Helena Malherbe en Stephané Roos vir jul hulp en harde werk tydens vanjaar se Nampo, asook elke besoeker en belangstellende wat dit vir ons die moeite werd gemaak het!

Beste wense

*Ben Raath*


















PRODUKTE BESKIKBAAR:




TULI NAMPO STALLETJIE











# THE TULI WAY
*Data done right*

## Member Communication Initiative to Support Performance Recording

The aim of this initiative would be to provide regular reminders, practical guidance, and educational tips relating to performance recording requirements and best practices.

The focus would be on assisting members to remain compliant with recording deadlines and procedures while improving the overall accuracy and value of the data collected within our breed.

**Topics covered throughout the year could include:**

- Parentage verification and genomic testing requirements.
- Correct use of contemporary groups.
- General recording and performance data best practices.

The communication will be supportive and educational, helping members to stay informed and up to date with requirements.

**Potential benefits include:**

- Improved compliance with SA Studbook requirements.
- Greater accuracy and completeness of performance data.
- Enhanced genetic evaluations and breeding decisions.
- Reduced recording errors and missed deadlines.
- Increased member engagement with recording programmes.
- Building points for Logix Elite awards.
- More reliable and accurate data for potential buyers.

By providing concise and consistent reminders throughout the year, the Society can assist breeders in maximizing the value of their herd records while strengthening the integrity of the breed's performance data.

Consistent, high-quality data is essential for reliable breeding values and genetic progress in the Tuli breed. As a relatively small breed, we have a real opportunity to strengthen our collective data and, in doing so, improve the credibility and market value of Tuli genetics over time.

Regular, constructive communication can help embed good recording habits across the membership.

*Helps members maximize the return on their investment in recording and genomic testing.*



# THE TULI WAY

- Data done right

## SUBJECT: Mating list

Tuli

Fertile, Profitable Veld Cattle
Vrugbare, Winsgewende Veldbees

This is a good time of the year to record your mating list.

As most breeders now know the exact dates bulls went in and out in their mating season.

### What to do:

- ✓ Record your mating list on Logix.
- ✓ Record the exact dates bulls went in with each group of cows and the exact dates they were removed.
- ✓ Match the sire or multiple sires with the cows they mated.

### Why do we record a mating list:

- ✓ It helps to enhance the accuracy of fertility in the herd and breed.
- ✓ By this data we can identify what female animals tend to calve earlier in every calving season meaning what females normally get pregnant first.
- ✓ And what females does not calve.

**Up to 5 points available for Logix Elite awards!**

# BEK-inenting en naspeurbaarheid skep nuwe standaard vir stoetveebedryf

Vertroue in die rooivleisbedryf moet gebou word, en die bedryf moet goed verstaan word voordat die verskillende fasette en faktore doeltreffend aan die breër landboubedryf oorgedra kan word. Beesvleis moet winsgewend, volhoubaar én verantwoordelik geproduseer word, aangesien verantwoordelike praktyke onlosmaaklik deel van die toekoms gaan wees.

Volgens Kobus Bester, voorsitter van die Stoettelersfederasie van Suider-Afrika, is die toepassing van sulke praktyke, wat naspeurbaarheid en betroubare inentingsprosedures insluit, onlangs by twee afsonderlike stoetveilings gedemonstreer. Hy meen die stoetbedryf het ’n belangrike mylpaal bereik tydens die BTB Simmentalers-uitverkoping van Johan Styger en die Zinabos Bonsmara-produksieveiling van Fourie Scheepers naby Fouriesburg.

Bester het tydens Styger, ’n bekroonde stoetteler en voormalige voorsitter van die Lewendehawe Registrerende Federasie (LRF), wat sy boerdery weens gesondheidsredes gestaak het, se veiling in die Hartbeesfontein-distrik, met *Veeplaas* gesels. Hy het verduidelik dat albei die veilings uniek was, omdat al die diere wat verhandel is, aan naspeurbaarheidsvereistes voldoen het.

Met die regering se samewerking rakende die beskikbaarstelling van bek-en-klouseer (BEK)-entstof, Rooivleisbedryfsdienste (RMIS) en SA Stamboek se IDTrax-naspeurbaarheidsrekordhoudingstelsel, is die diere op ’n verantwoordelike en gekontroleerde wyse verkoop en weggery na hul nuwe bestemmings.

### Beskikbaarstelling van BEK-entstof

Bester het verduidelik dat beide stoetkuddes ingeënt is met BEK-entstof uit die 50 000 dosisse wat die minister van landbou, John Steenhuisen, vroeg in Mei aan die stoetveebedryf beskikbaar gestel het. Die voorwaarde was dat die entstof verantwoordelik toegedien word en dat volledige rekenskap van alle dosisse gegee word. Volgens hom is meer as die helfte van die dosisse reeds toegedien. Indien alles volgens plan verloop, behoort verdere voorraad beskikbaar gestel te word om uiteindelik alle stoetkuddes in die land in te ent.

Die federasie wend die entstof hoofsaaklik aan by stoetkuddes wat op veilings aangebied word, sodat diere wat aan die mark beskikbaar gestel word, behoorlik ingeënt, naspeurbaar en veilig vir kopers is. Dit verminder ook die risiko vir bestaande kuddes op die plase waarheen die diere verskuif word.

Hy het verduidelik dat die besonderhede van diere wat op die twee veilings aangebied is, vooraf op die IDTrax-stelsel gelaai is. Dit sluit onder meer die diere se inentingsrekords in. Elke dier is gekoppel aan ’n globale liggingsnommer (GLN), wat dan na ’n volgende GLN oorgedra word. ’n Bewegingspermit dui aan watter dier dit is, en saam met ’n unieke identifikasienommer is daar ook volledige besonderhede van die inenting wat toegedien is – insluitend die tipe entstof, datum van inenting en selfs die spesifieke bottel waaruit dit toegedien is.

Hierdie data word daarna aan die nuwe eienaars oorgedra, sodat inentings professioneel bestuur en betyds opgevolg kan word wanneer entstowwe verval. Volgens Bester is betroubare data noodsaaklik om Suid-Afrika se inentingsrekords akkuraat en op datum te hou. Dit word moontlik gemaak deur die IDTrax-stelsel in samehang met die GLN wat deur RMIS uitgereik word.

Dit was ’n klinkklare bewys dat die stelsel doeltreffend funksioneer. Die stoetbedryf is reeds gewoond aan deeglike data-opname en verantwoordbaarheid, maar die belangrike mylpaal is dat daar nou bewys kan word dat die data korrek vasgelê is en die stelsel betroubaar werk. Dit skep die geleentheid om die stelsel na die kommersiële bedryf uit te brei en dit selfs in kommunale gebiede toe te pas.

Hy het beklemtoon dat ’n inklusiewe benadering noodsaaklik is en dat geen produsent uitgesluit moet word nie. Bester het produsente gerusgestel dat data nie deur die staat beheer word nie, maar deur onafhanklike datadiensverskaffers. Data word slegs gedeel wanneer diere die openbare mark betree, byvoorbeeld tussen stelsels soos IDTrax, FlexiAuction en die Animal Identification Movement and Safety (AIMS)-stelsel.

Bester meen vrese oor rekordhoudingstelsels is ongegrond. Die bedryf moet aanvaar dat Suid-Afrika in ’n BEK-situasie verkeer en dat groter verantwoordbaarheid vereis gaan word. Diere sal ingeënt en naspeurbaar moet wees om vertroue in die mark te verseker en kuddes teen besmetting te beskerm. Geloofwaardigheid, samewerking en ’n positiewe verhouding tussen die bedryf en die staat is noodsaaklik om die bedryf vorentoe te neem.

## Globale liggingsnommers

Elri du Toit, naspeurbaarheidsadministrateur by RMIS, sê daar was ’n duidelike behoefte aan ’n stelsel of data-uitruilplatform wat met al die rekordhoudingstelsels in die land kan kommunikeer. RMIS het hierdie gaping raakgesien, en tans is 13 rekordhoudingstelsels met die RMIS-platform geïntegreer. Produsente wat nie digitale stelsels gebruik nie, kan van die RMIS-toep gebruik maak. Sy het die proses en RMIS se rol verduidelik: Die verkoper se plaas moes eers ’n GLN by RMIS ontvang voordat diere in hierdie geval op die IDTrax-stelsel, of op enige van die geïntegreerde rekordhoudingstelsels of die RMIS-toep, gelaai is.

Wanneer diere verkoop word, word ’n digitale inligtingspakket van die verkoper se GLN na die koper se GLN gestuur. RMIS omskep dié data na ’n formaat vir die betrokke rekordhoudingstelsel, soos IDTrax, E-Livestock of die RMIS-toep, waar die nuwe eienaar se vee-inligting dan beskikbaar is.

Die minimum inligting wat saam met die dier beweeg, sluit die oorplaatjienommer en inentingstatus in – nie die volledige produksiedata nie. Du Toit het beklemtoon dat naspeurbaarheid begin by die identifisering van waar diere in Suid-Afrika voorkom. Plaasporsies word geregistreer en ontvang ’n unieke GLN, wat soos ’n strepieskode of digitale plaasadres funksioneer. Volgens haar vorm hierdie basiese, betroubare inligting die grondslag van ’n doeltreffende naspeurbaarheidstelsel.

## ’n Naspeurbaarheidstelsel vir die stoetveebedryf

Fritz Bezuidenhout, besigheidsontwikkelingsbestuurder en hoof van bemarking by SA Stamboek, het verduidelik dat die ontwikkeling van die IDTrax-naspeurbaarheidstelsel sowat 18 maande gelede begin het, nadat die behoefte aan ’n omvattende stelsel in die bedryf geïdentifiseer is. Omdat SA Stamboek reeds oor uitgebreide diererekords beskik, was dit maklik om diere vinnig op die stelsel te registreer.

Volgens hom is die fokus om ’n eenvoudige en praktiese stelsel te ontwikkel wat die daaglikse bestuurs- en bewegingsbesluite van produsente ondersteun. Die stelsel, wat vroeër vanjaar bekendgestel is, is intussen verder ontwikkel en aangepas om ook aan die vereistes rondom BEK te voldoen. Hy het beklemtoon dat die stelsel nie net vir SA Stamboek-lede en stoettelers beskikbaar is nie, maar ook vir kommersiële kuddes. Dit is gratis en oop vir alle bees- en skaaprasse.

## ’n Digitale gesondheidsertifikaat vir diere

Volgens Bezuidenhout bevat die stelsel ’n geïntegreerde ‘medisynekas’-afdeling waarin entstofinligting en groepnommers van entstofbottels geregistreer word. Wanneer diere ingeënt word, word die inligting geskandeer en direk aan elke dier gekoppel. Alle diere op die veiling is aan ’n spesifieke ligging en bestemming met koördinate verbind. Die stelsel toon op rekord watter dier op watter vervoermiddel gelaai is, asook aan watter koper dit verkoop is. Die rekord in die stelsel dui die beweging van die dier wat gekoop is op ’n kaart aan, van die verkoopspunt tot by die dier se nuwe bestemming.

Hierdie inligting vorm ’n permanente rekord van die dier. Wanneer die dier later weer verskuif word, byvoorbeeld na ’n voerkraal of slagpale, word die nuwe beweging ook aangeteken. Die stelsel maak dit dus moontlik om die oorsprong, verkope en bewegings van diere volledig van een **koördinaat** na ’n ander na te spoor.

Die dier se entstofgroepnommer word saam met die rekord bewaar, en die stelsel monitor ook wanneer die entstof verval. As Dollvet-entstof byvoorbeeld gebruik is, sal die stelsel ná ses maande ’n waarskuwing uitstuur dat die dier weer ingeënt moet word.

### Bestelling en toediening van entstof

Bezuidenhout het verduidelik dat verkopers voor die twee stoetveilings hul eie veearts moes nomineer, wat ook oor 'n GLN moes beskik. Die veearts moes die kudde vooraf ondersoek om die BEK-status van die diere te bepaal.

Wanneer die entstofbestelling op die stelsel geplaas word, word die inligting na 'n pakhuis gestuur waar die spesifieke besending en groepnommers van die entstof verpak word. Die entstof word daarna aan die genomineerde veearts gestuur, wat die inentings op die plaas uitvoer.

### Registrasie van nuwe gebruikers

Die stelsel is gratis en produsente wat nog nie geregistreer het nie, kan maklik by die platform aansluit. Gebruikers registreer op die IDTrax-webtuiste met 'n gebruikersnaam en wagwoord.

Bezuidenhout het verduidelik dat die Artikel 10-skema onder die *Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet 35 van 1984)* bepaal dat entstof nie sonder GLN-/koördinaatinligting toegedien mag word nie. Hierdie nommer dien as 'n unieke koördinaat- of liggingverwysing vir die plaas.

Sodra die GLN op die IDTrax-stelsel geregistreer is, word die produsent aan RMIS gekoppel. Wanneer diere beweeg, bepaal die sagteware outomaties waar die laaste geregistreerde ligging van die dier was en werk die rekord dienooreenkomstig by. Die hele proses geskied outomaties.

### Oorplaatjies en naspeurbaarheid

Volgens Bezuidenhout bestaan daar 'n wanpersepsie dat 'n naspeurbaarheidstelsel bloot op elektroniese oorplaatjies berus, wat nie die geval is nie. Die Artikel 10-skema bepaal dat 'n produsent elke dier uniek moet identifiseer en op 'n rekordstelsel moet vaslê.

SA Stamboek het egter verder gegaan en spesifiek vir die IDTrax-stelsel elektroniese oorplaatjies ontwikkel om die proses te vergemaklik. Die F3-oorplaatjie bevat 'n nommer en ingeboude mikroskyfie, wat die unieke identiteit van die dier elektronies bevestig. Dit voldoen aan die Artikel 10-skema se vereistes vir unieke diere-identifikasie.

Die oorplaatjie vorm deel van 'n geïntegreerde naspeurbaarheidstelsel en word ook deur slagpale en voerkrale gebruik. Die uiteindelike doel is volledige naspeurbaarheid – van die dier op die plaas tot by die finale vleisproduk wat deur die verbruiker gekoop word.

### Bewegingsertifikaat

In die agtergrond van die stelsel kan vooraf aangedui word watter diere op 'n spesifieke vragmotor gelaai word, saam met die bestuurder se besonderhede en die voertuig wat gebruik word. Die stelsel registreer ook die beweging van die vragmotor van een punt na 'n ander. Op grond hiervan word 'n bewegingsertifikaat outomaties gegenereer, wat uitgedruk of as 'n QR-kode saam met die besending gestuur kan word.

Hierdie inligting word ook met sekuriteitsmaatskappye en die polisie gedeel. Indien 'n voertuig voorgekeer word, kan die QR-kode geskandeer word om te bevestig dat diere vervoer word, wie die bestuurder is, en hoeveel diere op die vragmotor behoort te wees. – *Christal-Lize Muller, Plaas Media*




*Fritz Bezuidenhout, besigheidsontwikkelingsbestuurder en hoof van bemarking by SA Stamboek, en Ruan Maré, sagteware-ontwikkelaar by IDTrax.*




*Van links is Elri du Toit, naspeurbaarheidsadministrateur by RMIS, Monet Kleynhans en Melanie Khoza, albei interns by RMIS.*



# PRESIDENT'S REPORT 2026

Dear Members,
The past six months have brought both challenges and encouraging developments for our industry. Despite the difficulties we continue to face, it remains important that we stay positive, focused, and committed to doing what we do best. By maintaining this approach, success becomes far more attainable. One of the greatest ongoing challenges remains Foot-and-Mouth Disease (FMD), which continues to impact the industry significantly. However, it has also created greater awareness around the importance of improved biosecurity measures.

Encouragingly, vaccines are gradually becoming more accessible at farm level. In addition, the Department of Agriculture has recognised the need to revise outdated statutory regulations in order to allow for greater private-sector involvement. I firmly believe that the only sustainable way forward is for us to continue vaccinating our way out of this crisis.

In this regard, I would like to extend my sincere appreciation to SA Stud Book for taking the initiative to establish IDTRAX, integrated with Logix. They have also successfully secured 50,000 vaccine doses for distribution to members hosting stud sales, and we trust that further allocations will follow in due course. The production sale season commences this month, and I would like to wish all breeders every success with their upcoming sales.

NAMPO was once again a great success, despite the absence of livestock displays this year. Feedback received indicated that attendance was understandably lower than in previous years, but the level of interest shown in the Tuli breed remains extremely encouraging for the future. I would like to express my sincere thanks to Ben and Sarina for everything they do on behalf of the Society at NAMPO.
My appreciation also goes to Helena and Stefané for assisting with manning our stand.

On a less positive note, I am disappointed with the manner in which Sparta handled the arrangement regarding the weaners we supplied to them. I contacted Neil Venter on numerous occasions to enquire about the results and was informed at one stage that, due to the FMD outbreak, there was a slaughter backlog at the facilities. I was assured that feedback would be provided once the weaners had been slaughtered and processed. Unfortunately, despite these assurances, no feedback has been received to date.

It is particularly disappointing that, after publicly stating that they did not wish to purchase our weaners, an agreement was nonetheless reached, yet the courtesy of proper communication and feedback was lacking. I believe that clearer communication and professional engagement would have been appreciated. On a personal note, it has been an honour and a privilege to serve and represent you as President of the Society. I remain committed to promoting and marketing our exceptional Tuli breed at every opportunity.

Thank you for your continued support, dedication, and passion for the breed. Keep breeding your Tulis with pride.

Kind regards,
Stephen Mains-Sheard
President

